



Bou ons kinders vir môre

Voorskoolse-  
Sondagskool

Lestitel: Hemelvaart

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



# Liewe Ouer

Welkom by die les: Hemelvaart

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

## Hoe om voor te berei en die les aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: <a href="https://bit.ly/3NACSSHS">https://bit.ly/3NACSSHS</a>
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryt, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is net na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende die normale Sondagskooltyd-roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning of van die bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

### Hoe om voor te berei en die les aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak kant-aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Speel die video vir u kind en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid self, of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Vervolgens, 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



# Die Les

Lestitel	Hemelvaart
Bybelwoord	Matthéüs 28 vs 16-20
Lesdoelwit	Om te weet dat Jesus altyd naby is en dat Hy ons liefhet.

## Lesopsomming:

- Praat oor die betekenis van die woord "Hemelvaart".
- (om op te klim, op te staan, op te gaan of opstyg na die hemel)
- Vertel die volgende verhaal van Jesus wat opvaar na die hemel.

## Dit is die verhaal:

Jesus staan op uit die graf.  
Hy toon Homself baie keer aan sy dissipels.  
Tydens so 'n verskyning aan hulle, sê Hy, om hulle te troos: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:18-19).  
Na die laaste maaltyd, en nadat Hy alles gesê het wat nodig was, het Hy saam met sy dissipels na 'n heuwel gegaan. Hier neem Hy afskeid en sê aan hulle: "Ek keer terug na my Vader, maar julle sal nie alleen wees nie. Ek sal naby julle wees."  
Hy strek sy arms uit en seën hulle.  
Die dissipels het op hul knieë geval en Hom aanbid. Jesus het toe na sy Vader in die hemel opgevaar. Vol vreugde keer die dissipels terug na die stad.

## Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Ons word vandag deur ons apostels en diensknegte, van God en Jesus Christus geleer.
- Ons word gedoop om deel te wees van God en Jesus
- Ons word in die kerk geleer dat ons moet lewe soos Jesus dit gedoen het en dat ons gehoorsaam aan mamma, pappa, die diensknegte in die kerk en onderwysers moet wees. Dan sal Jesus baie gelukkig met ons wees.
- Ons ontvang vergifnis van sondes en Heilige Nagmaal.
- Ons wag op Jesus om ons te kom haal.



Sommige vrae wat ons kan vra:

1. *Van waar het Jesus opgestaan?*

- Antwoord: Sy graf.

2. *Met wie het Jesus gepraat?*

- Antwoord: Die dissipels

3. *Wat het Jesus vir sy dissipels gesê?*

- Antwoord: Ons moet almal vertel van Jesus, mense laat doop en goed wees op aarde.

4. *Wat het gebeur ná die laaste maaltyd wat Jesus met sy dissipels gevier het?*

- Antwoord: Jesus neem afskeid van die dissipels en sê dat Hy sal terugkeer, en dat ons nie alleen is nie. Jesus is naby en Hy het ons lief.

5. *Wat doen Jesus aan die einde van die verhaal?*

- Antwoord: Jesus strek sy arms uit, seën die dissipels en vaar op na die hemel.

6. *Verduidelik in jou eie woorde jou begrip van die verhaal en wat jy daaruit geleer het.*

- Antwoord: Jesus het ons lief, Hy is naby, Hy sal terugkeer, ons wag vir Jesus se terugkeer of enige ander sinvolle antwoord deur die kind.



## 'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons U teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen

## 'n Gebed na die les:

Liewe Vader in die hemel, ek dank U dat U ons vandag beskerm het en dat daar geen ongelukke gebeur het terwyl ons gespeel het nie.

Laat ons almal lekker slaap en gee môre weer 'n pragtige dag.

Help my asseblief op skool en dat ek goed met my vriende oor die weg sal kom en nie met hulle sal baklei nie.

Wees altyd met Mamma en Pappa.

Seën ons stamapostel, apostels en al ons diensknegte en beskerm hulle op hul reise.

Help al U kinders, veral die siekes. Kom gou en neem ons almal huistoe. In Jesus naam. Amen.